

7 Junie Hebreërs 12:12-17

(Teks: 12: 14 en 15)

Om die Here te sien

Dit is ongelukkig so dat gelowiges in Christus onverskillig kan raak. Slap hande en lam knieë tree in ten spyte van die genade-voorregte wat ons in Christus ontvang. So noem die skrywer van Hebreërs ook die verskynsel: Van die genade afvallig word. Die erns van afvalligheid lê daarin dat God in sy genade besig is om jou lewe heilig te maak, maar jy slaan dit in die wind.

Daarom is waarskuwing ook 'n noodsaaklikheid in ons heiligmaking: Niemand sal die Here sien sonder 'n heilige lewe nie! Om die Here te sien, in vrede in sy teenwoordigheid te wees, is die hoogtepunt van ons lewe van heiliging (vergelyk Matt 5:8). Dié salige eindpunt bereik 'n mens net na 'n lewe van heiliging. 'n Heilige lewe beteken nie perfektheid nie. Dit is egter wel om, terwyl ons ons oë op Jesus Christus ons Voorloper hou, ons van harte te beywer om net die wil van die Here te doen. Esau is 'n voorbeeld van hoe 'n mens nie met die genade van God moet omgaan nie. Sy voorreg om eersgeborene en erfgenaam van die belofte te wees, stoot hy met minagting weg van die onmiddellike genot van 'n bord sop. Dié daad skep 'n onomkeerbare toestand. Waar God se genade geminag word, gaap afgronde.

Jy sal die Here sekerlik sien aan die einde van 'n lewe in geloof, hoop, liefde, vrede, trou, toewyding. Met so 'n hoop voor jou, kan jy daaraan dink om ongeërg te raak oor jou lewenswandel?

Sing Skrifberyming 45:12

Ds. AJ. du Plessis (Emeritus)